In the case of a dwelling house occupied by a family, not more than four additional persons who are not members of such a family; or

in the case of a dwelling house occupied by a single person, not more than four additional persons who are not related to such a single person; provided that such single person shall be the registered owner, or a direct blood relation of the registered owner, of the dwelling house concerned.

Ons het baie seker gemaak dat baie omvattende voorwaardes met die loseerders opgestel word. *There are comprehensive conditions set up with boards -*

Ons het deurentyd direkte toegang en beheer oor ons huis. *we have direct access and control over our property*

Schalk jr. is die permanente inwoner namens ons. Hy is 'n gekwalifiseerde juwelier, goudsmit en gekwalifiseerde rekenaar-vakkundige.

Ons skedule is om self gereeld, op maandelikse basis, vir 'n paar dae te kom oorbly om te verseker dat alles reg verloop en dat ons ons sake en kuier in Stellenbosch en in die Kaap kan kom doen.

Die mening wat die rondte doen, is dat loseerders by ons die waarde van omliggende eiendom sal benadeel. Ons indruk is egter dat die teendeel waar is.

Stellenbosch is geslagte lank 'n studente-dorp en die meeste mense belê juis daarom hier. Daar is selfs woonstelle opgerig om woonplek aan te vul.

18/02/16 17:57:37

38

ERF 7978 SB

470932

Councillor FJ Badenhorst
 17 Watergang Road
 Aan De Weber Estate
 Webbersvallei Road
 7600
 021 8088350
 0826541048

The Stellenbosch Municipality
 Land Use Management Branch
 Plein Street
 Stellenbosch
 ATT: N Dafeti
 021 8088640
 01 November 2016

BY HAND

Your Ref: ERF 7978, Stellenbosch
 Appl No: LU/4439



OBJECTION TO APPLICATION FOR A SPECIAL DEVELOPMENT ON ERF 7978, STELLENBOSCH

Please be advised that I wish to have my objections/comments noted, as Ward Councillor, Ward 21 with regards to the above mentioned application.

On inspection of the property and after discussions with neighbours, it is clear that said property is currently used for student accommodation and further development will facilitate the same.

1. A dwelling which consists mainly/only of students is in conflict with the character of the surrounding neighbourhood.
2. Due to the location of the Campus on the opposite side of town, accommodating students in Paradyskloof will lead to further congestion of traffic.
3. There is ample alternative accommodation available for students in areas already identified and zoned as such by the municipality
4. Due to the transient nature of students, there will be no guarantee that the current owners son, himself a student, will continue representing the owner (who resides off site) on the property in the future.
5. Neighbours fear that a dwelling consisting of mostly students will affect the value of their adjacent properties.

With reference to the above, I respectfully request that said application is carefully considered, taking all parties rights into consideration.

Cllr Frederik J Badenhorst

1 FEBRUARIE 2016

BESWAAR TEEN AANSOEK VIR AFWYKING VAN ERF 7978

Hiermee, ons beswaar teen die beoogde afwyking van erf 7978.

Die Paradyskloof woonbuurt, asook baie ander woonbuurtes in die dorp, is nie 'n studente woonbuurt of 'n area waar kommunes is nie. Daar word kamers aangrensend tot 'n eiendom verhuur in die area, maar met oordeelkundigheid en ook met goedkeuring van die plaaslike owerheid. Ons het belê in eiendom in 'n woonbuurt waar gesinne woon en nie 'n studente omgewing nie. Indien goedkeuring gegee word vir afwyking van die bestaande, sal dit beslis 'n negatiewe uitwerking hê op die buurt as geheel.

ERF 7951 – SARIE JOUBERT TRUST

Sastor

TRUSTEE



Handwritten file number: E 79785
Handwritten number: 406836

38

REF:	E 7978 SB
DATE:	
NO:	470932

Councillor FJ Badenhorst
 17 Watergang Road
 Aan De Weber Estate
 Webbersvallei Road
 7600
 021 8088350
 0826541048

The Stellenbosch Municipality
 Land Use Management Branch
 Plein Street
 Stellenbosch
 ATT: N Dafeti
 021 8088640
 01 November 2016

BY HAND

Your Ref: ERF 7978, Stellenbosch
 Appl No: LU/4439



OBJECTION TO APPLICATION FOR A SPECIAL DEVELOPMENT ON ERF 7978, STELLENBOSCH

Please be advised that I wish to have my objections/comments noted, as Ward Councillor, Ward 21 with regards to the above mentioned application.

On inspection of the property and after discussions with neighbours, it is clear that said property is currently used for student accommodation and further development will facilitate the same.

1. A dwelling which consists mainly/only of students is in conflict with the character of the surrounding neighbourhood.
2. Due to the location of the Campus on the opposite side of town, accommodating students in Paradyskloof will lead to further congestion of traffic.
3. There is ample alternative accommodation available for students in areas already identified and zoned as such by the municipality
4. Due to the transient nature of students, there will be no guarantee that the current owners son, himself a student, will continue representing the owner (who resides off site) on the property in the future.
5. Neighbours fear that a dwelling consisting of mostly students will affect the value of their adjacent properties.

With reference to the above, I respectfully request that said application is carefully considered, taking all parties rights into consideration.

Clr Frederik J Badenhorst

Mev S Stevens
/Erf 7974 en 7975
Repensstraat 10+12
Paradyskloof
Stellenbosch
12 Oktober 2016

Direkteur: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
Stellenbosch Munisipaliteit

See reply 20

Aansoek No LU/4439:

**AANSOEK VIR 'N SPESIALE ONTWIKKELING OP ERF 7978, STELLENBOSCH TEN EINDE VIER
ADDISIONELE PERSONE OP DIE PERSEEL TOE TE LAAT**

Verwys asseblief my kommentaar op oorspronklike aansoek (gedateer 15 Januarie 2016) vir tydelike afwyking op Erf 7978. Ek het skriftelik erkenning van ontvangs van my skrywes ontvang en het telefonies met S. Newman bevestig dat dit wel by julle op rekord is.

Hierdie skrywe (gedateer 12 Oktober 2016) verander nie, en vervang nie, enige aspek van my oorspronklike kommentaar nie, maar bevestig slegs my bekommernis soos in my kommentaar op die oorspronklike aansoek uiteengesit.

Geskiedenis toon duidelik dat goedkeuring vir een so 'n ontwikkeling in 'n woonbuurt aanleiding gee tot meer soortgelyke ontwikkelings, wat negatief sal impakteer op die verkeer, lewenskwaliteit en eiendoms waarde binne 'n woonbuurt. Ons vertrou dus dat daar staatsgemaak kan word op die Munisipaliteit om ons basiese bestaande belange, waarvoor almal in die buurt 'n hoë prys betaal, te beskerm.

Ons versoek dus dat hierdie aansoek afgekeur sal word.



Mev S Stevens

Eienaar Erf 7974 en Mede-Eienaar Erf 7975



Geteken te Stellenbosch op 12 Oktober 2016

Erf 7978 SB

465860

Mev S Stevens
/Erf 7974
Repensstraat 10
Paradyskloof
Stellenbosch
18 Februarie 2016

Direkteur: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
Stellenbosch Munisipaliteit

Aansoek No LU/4439:

**AANSOEK VIR TYDELIKE AFWYKING OP ERF 7978, STELLENBOSCH TEN EINDE VIER
ADDISIONELE PERSONE OP DIE PERSEEL TOE TE LAAT**

Vir besware aangeteken in die hoedanigheid van eienaar van Erf 7974 teen bogenoemde aansoek, sien asseblief my besware soos uiteengesit en onderteken as mede eienaar van Erf 7975.

Uit laasgenoemde behoort dit duidelik te wees dat geen van die besware soos ingedien, 'n negatiewe teenoor enige van die partye weerspieël nie en bloot uit 'n praktiese en realistiese oogpunt gemaak word.

Eienaar Erf 7974:


Mev S Stevens



Geteken te Stellenbosch op ...18 Februarie 2016

FILE NO	
SOEK NO	E 7978 S
PLANNING NO	411 003

L11051

Paradyskloof
StellenboschDirekteur: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
Stellenbosch MunisipaliteitAansoek No LU/4439:**AANSOEK VIR TYDELIKE AFWYKING OP ERF 7978, STELLENBOSCH TEN EINDE VIER
ADDISIONELE PERSONE OP DIE PERSEEL TOE TE LAAT**

Ons twee eiendomme grens direk aan erf 7978 en hiermee teken ons ten sterkste beswaar aan teen bogenoemde aansoek om die volgende redes:

- Die aanwending van die eiendom soos versoek impliseer 'n kommune leefstyl wat onaanvaarbaar binne hierdie stil residensiële buurt is, soos wat hierdie woonbuurt tans funksioneer volgens die oorspronklike ontwerp/uitleg van woonerwe en strate.
- Om verskeie voor die handliggende redes (geraas, algemene versorging van eiendom ens.) impakteer kommunes negatief op waardertoevoeging van eiendom binne 'n buurt en sal dit in hierdie geval beslis ook 'n negatiewe effek hê op die twee, alreeds problematiese, aansluitingspunte met die R44 (wat as 'n hoë volume mobiliteits roete moet funksioneer).
- Ondervinding en die geskiedenis toon dat goedkeuring vir 'n kommune leefstyl vir een eiendom 'n president skep om aan ander eiendomme in die buurt dieselfde regte te verleen, en sodoende bogenoemde probleem te onderskryf en te vererger.
- Ondervinding en die geskiedenis toon ook dat geïsoleerde ad-hoc grondgebruik-goedkeurings later 'n negatiewe impak het op verkeer, indien owerhede nie bedag is op die toekomstige groter verkeersimpak van die somtotaal van al die ad-hoc goedkeurings nie.
- Die oorspronklike woonerf- en straatuitleg van die woonbuurt maak tans nie voorsiening vir 'n verhoogte konsentrasie van inwoners per woonerf/ straat nie.
- Addisionele vier persone per woonerf beteken in realiteit vier addisionele motors per woonerf, aangesien hierdie woonbuurt nog nie deur enige publieke vervoer alternatiewe bedien word nie.
- Bogenoemde het 'n direkte invloed op die huidige twee, alreeds problematiese, aansluitingspunte met die R44, wat beteken dat die Raad nie 'n ander keuse het, as om ook die **Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke** in hierdie aansoek te ken nie, aangesien laasgenoemde die beherende gesag van die betrokke gedeelte van die R44 is.

Vir redes soos hierbo uiteengesit en aangesien die eiendom alreeds as 'n kommune bedryf word, met gevolg dat groot groepe besoekers alreeds in die straat parkeer en geraas van partytjies alreeds 'n probleem skep (soos wat beaam sal word deur inwoners wat agter aan die betrokke eiendom grens), kan ons ongelukkig nie anders as om beswaar teen die aansoek in te dien nie.



Ons vertrou dus dat die Raad al bogenoemde inligting, asook die ander besware/geen besware ontvang op hierdie aansoek, saam met die aansoek sal verwys na die **Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke**, aangesien hierdie aansoek 'n president skep vir verdere soortgelyke aansoeke en dus die verkeersvolume op die R44 (waarvan laasgenoemde Departement die beherende gesag is) direk raak. Ons vertrou gevolglik dat hierdie aansoek afgekeur sal word totdat 'n volledige verkeersimpakstudie gedoen is, saam met 'n moontlike herontwerp van hierdie woonbuurt en die twee problematiese toegangspunte tot die R44, ten einde moontlike toekomstige hoë digtheidsontwikkeling vir Stellenbosch te kan akkomodeer sonder dat dit 'n negatiewe effek sal hê op inwoners se lewenskwaliteit of op eiendomswaardes.

Eienaars Erf 7975:


Mnr ACA Stevens


Mev S Stevens

Geteken te Stellenbosch op 18 Februarie 2016

19



Andre van Helsdingen

8 Repens Street Paradyskloof Stellenbosch 021 8801846

February 8, 2016

N Dafeti/ S Newman
Erf 7978 Stellenbosch
2016/02/08
LU/4439



Dear Sir / Madam

With reference to the application for 4 additional persons on the premises, I strongly object.

The reasons are:

- 1) This allows a commune type of occupation on this erf
- 2) A commune occupation leads to student occupation on the erf.
- 3) The maintenance of the erf is not done as there is no single individual doing it.
- 4) The condition of the garden/ property will drop and influence the suburb's value.
- 5) There are currently students staying there and there is already noise disturbance.
- 6) There are enough families seeking accomodation in Stellenbosch to let this house to.

Sincerely

 Andre van Helsdingen
 Erf 7973

E-79785
 410109

15 Februarie 2016

Stellenbosch Munisipaliteit
 Direkteur: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
 Posbus 17
 Stellenbosch
 7599

Liewe Heer/Madam

BESWARE TEEN DIE AANSOEK VIR 'N TYDELIKE AFWYKING OP ERF 7978, STELLENBOSCH

Aansoek nommer: LU/4439

APPLIKANT: M.E. PIENAAR

Ons wil graag beswaar aanteken teen die bogenoemde afwyking as gevolg van die volgende redes:

- 'n Tydelike onderverdeling van 'n huis, waar vyf of meer aparte mense woon wat bestaan uit jong mense, meestal studente, pas nie by die karakter van die buurt nie. Die munisipaliteit het reeds 'n gedeelte van die dorp naby die universiteit vir studentebehuising gesoneer en inwoners van Paradyskloof het juis as keuse ver van dit gekoop;
- Omdat dit duidelik is dat die meeste inwoners studente is, is daar min kontinuiteit; dus, 'n groot persentasie van die inwoners gaan op 'n jaarlikse basis verander. Alhoewel die groep mense wat nou daar is geen probleme veroorsaak nie, het ons geen versekering dat die volgende huurders dieselfde gaan wees nie.
- Die waarde van eiendom wat langs studentebehuising geleë is in 'n buurt soos Paradyskloof, word meestal negatief beïnvloed.

Ons wil duidelik uitwys dat ons geen persoonlike probleme met die eienaars van die bogenoemde erf het nie en dat ons hul sowel as die huidige huurders wat tans in die huis woon, positief ervaar. Ons sal egter verkies dat die huis nie 'n semi-permanente kommune word nie.

By voorbaat dankie

Die uwe

.....
 Irus Grobler

.....
 Stephanie C Dippenaar



7978

SKRIFTELIKE BESWAAR

VAN: JEAN BUYS & MARINA BUYS

ADDRESS: 9 FLORIDA STRAAT

PARADYSKLOOF

STELLENBOSCH

DATUM: 14 FEBRUARIE 2016

AAN: DIREKTEUR: BEPLANNING & EKONOMIESE ONTWIKKELING

VERW: Erf 7978, Stellenbosch; AANSOEK: LU/4439; APPLIKANT ME PIENAAR; 7 FLORIDA ST

BESWARE TEEN TYDELIKE AFWYKING

Paradyskloof is 'n gesinsbuurt met 'n karakter waar bure jaarlange vriendskappe met mekaar bou en huisgesinne betrokke is by die algemene versorging en beveiliging van die buurt. Kopers wat investeer in huise in Paradyskloof word aangetrek deur die stil voorstedelike karakter van die buurt waar huisgesinne oor die algemeen werkende mense met kinders is.

Huiseienaars belê in en skenk aandag aan hul huise sodat dit 'n goed versorde voorkoms het asook dat die erwe netjies en goed versorg is. Die paaie, motorinritte of erwe staan nie vol geparkeer met motors nie en laatnag partytjies is nie algemeen nie. Paradyskloof is NIE bekend as 'n buurt met kommunes of studentehuise nie. By hierdie tipe woonplekke word tuin instandhouding en huis onderhoud maklik afgeskeep. Eienaars is traag om te investeer in die opknapping en estetiese voorkoms van die huise terwyl die jong mense daar woonagtig is.

Op 'n tegniese punt aangaande die ingehandigde huisplanne: Die vloerplan dui 'n kantoor en ateljee aan, maar in werklikeheid word hierdie area reeds op hierdie oomblik gebruik as 'n woon-slaapkamer eenheid, met ander woorde alle moontlike kamers op die erf word nou alreeds gebruik as woon-slaapkamers.

Om al die bovermelde redes is ons ten sterkste gekant teen die voorgestelde verandering van die "tydelike" afwyking versoek op erf 7978.

Ons belegging sal beslis negatief beïnvloed word deur hierdie afwyking. Die karakter van die woonbuurt sal nadelig verander word deur 'n kommune / studente huis reg lanks ons huis. Die aansoek is dus glad nie aanvaarbaar vir ons nie.

Die uwe



JEAN BUYS

0832756161



MARINA BUYS

0829401116



Floridastraat 10
Paradyskloof
7600

4 Februarie 2015

Die Direkteur Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
Stellenbosch Munisipaliteit
Pleinstraat
Stellenbosch
7600



RE: Aansoek om tydelike afwyking nr LU/4439 op erf 7978 bekend as Floridastraat 7, Paradyskloof vir toelating tot verblyfreg vir vier ekstra persone.

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou,

Onno en Marike UBBINK, eienaars erf 7950 bekend as Floridastraat 10, Paradyskloof,
teken met die skrywe beswaar aan teen bogenoemde aansoek.

Dis algemeen bekend dat 'n eienaar wat bereid is om sy eiendom so te verhuur meer inkomste so kan genereer as met 'n konvensionele residensiele verhuring. Ongelukkig kom dit teen 'n prys ten koste van bure wat in die afwesigheid van die verhuurder die spit moet afbyt ten opsigte van verhoogde geraasvlakke, verhoogde toeloop van besoekers met gepaardgaande straatparkering en 'n verlaagde eiendomsmarkwaarde.

Neem asb. kennis dat bogenoemde eiendom reeds, tot ons frustrasie, onwettig so verhuur word. Behalwe die ekstra toeloop en lawaaierige partytjies, word daar rondom 2/3 uur in die oggend in direkte sig en hoor afstand van ons slaapkamer in die straat gekuier, motordeure geklap en vriende afgesien – alles nie normale praktyke vir 'n voorheen rustige residensiele woonbuurt.

Ons is net meer as 'n jaar gelede Stellenbosch toe verplaas en het navorsing gedoen oor Stellenbosch se woonbuurtes en pertinent gekies vir die duurder Paradyskloof as rustige residensiele woonbuurt bo 'n goedkoper Simonswyk, 'n klipgooi van my werk af, waar diesulke tipe verhurings aan die orde van die dag is.

Hiermee doen ons dan 'n dringende beroep op u as munisipaliteit om ons as bure, wat gekies het om ons te vestig en ons belegging te maak in 'n rustige residensiele woonbuurt soos Paradyskloof, se belange op die hart te dra en ons te beskerm deur die aansoek af te keur. Op die end word 8 omringende bure, 'n straat en woonbuurt in sy geheel geraak ten koste van 'n gierige huiseienaar wat 'n verhoogde huurinkomste wil genereer ten koste van hulle bure en mede belastingbetalers. Ons reken op u om ons belange op die hart te dra.

Vriendelike groete,

Onno en Marike UBBINK

M. Ubbink

E79785

407037

Erf 7978
Stellenbosch

Floridastraat 10
Paradyskloof
7600

4 Februarie 2015

Die Direkteur Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
Stellenbosch Munisipaliteit
Pleinstraat
Stellenbosch
7600



Aanmelding en klage: Floridastraat 7, Paradyskloof (erf 7978) word onwettig bedryf as 'n kommune.

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou,

Ons (Onno en Marike UBBINK, eienaars erf 7950 bekend as Floridastraat 10, Paradyskloof) wil as oorkanste bure van Floridastraat 7, Paradyskloof (erf 7978) graag onder u aandag bring dat die genoemde eiendom tans, sonder dat die nodige goedkeurings in plek is, as 'n kommune bedryf word – vir ons wat daaglik daarmee gekonfronteer word 'n groot frustrasie en seeroog!

Hiermee versoek ons u om asb die belange van ons as mede belastingbetaler op die hart te dra, die situasie te ondersoek en die nodige stappe te neem dat die praktyk gestop word.

Baie dankie byvoorbaat.

Vriendelike groete,

Onno en Marike UBBINK

Form with handwritten details: ERF 7978, 407030



14

1 FEBRUARIE 2016

BESWAAR TEEN AANSOEK VIR AFWYKING VAN ERF 7978

Hiermee, ons beswaar teen die beoogde afwyking van erf 7978.

Die Paradyskloof woonbuurt, asook baie ander woonbuurtes in die dorp, is nie 'n studente woonbuurt of 'n area waar kommunes is nie. Daar word kamers aangrensend tot 'n eiendom verhuur in die area, maar met oordeelkundigheid en ook met goedkeuring van die plaaslike owerheid. Ons het belê in eiendom in 'n woonbuurt waar gesinne woon en nie 'n studente omgewing nie. Indien goedkeuring gegee word vir afwyking van die bestaande, sal dit beslis 'n negatiewe uitwerking hê op die buurt as geheel.

ERF 7951 – SARIE JOUBERT TRUST

Sastor

TRUSTEE



FILE NO:	
REASON:	
COLLATORIAL NO:	E 7978S
	406836



STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

APPENDIX 6

(APPLICATION FOR A SPECIAL DEVELOPMENT: ERF 7978, PARADYSKLOOF 7
FLORIDA STREET, PARADYSKLOOF, STELLENBOSCH)

COMMENT ON OBJECTIONS

Administrative Officer : Customer Interface & Administration

Planning & Economic Development.

Munisipaliteit Stellenbosch.

23 Jan. 2017.

Geagte Salome Newman,

Erf 7978, Stellenbosch, Aansoeknr: LU/4439:

DRINGEND:

U boodskap van 1 Nov. 2016 verwys. Ons het dit eers op 19 Jan. 2017 per e-pos ontvang.

Ons het reeds 23 jaar gelede in Paradyskloof kom vestig en met oorgawe die beoogde karakter van die omgewing ter harte geneem, met 'n Stellenbosch landelike boustyl, bome en struik, sagte omheinings, ens., volgens die munisipaliteit se riglyne destyds.

Nuwe intekers het egter met voorstedelike boustyl die voorkoms van die buurt volgens ons opinie bederf.

Tuine is op sypaadjies aangelê met die gevolg dat voetgangers, kinderwaentjies en gestremde persone tot die strate beperk is. Dit het 'n "negatiewe impak" op verkeersvloei.

Boulyne is oorskry en onooglike strukture en barrikades met ge-elektrifiseerde bedrading teen misdaad is opgerig.

Ons verwys weer na ons in-diepte, formele reaksie teen besware gedateer 21/22 Julie 2016, aan die munisipaliteit gestuur, waarin die besware van die omringende eienaars individueel en in detail aangespreek word.

Die beswaar van mev. Stevens 12 Okt. 2016, en ander, is ongegrond en ongeldig, byvoorbeeld:

a) Die aanname dat die inname van loseerders aanleiding sal gee tot meer sulke "ontwikkelings" is volgens ons mening 'n emosionele mistasting en verkeerd.

Daar behoort altyd 'n ongeveer konstante proporsionele aantal loseerders, gaste, kinders, tuisbedrywe en huiseienaars wees.

b) Dat so 'n "ontwikkeling", bv. 4 loseerders i.p.v. 'n huisgesin "negatief sal impakteer op die verkeer" is volgens ons mening 'n totale oordrywing. Die verkeersvloei sal konstant bly, afhangende van die totale aantal inwoners wat daar in die buurt is.

Dit is eintlik nuwe dorpsuitbreidings met die addisionele inwoners wat "negatief impakteer" op verkeer.

c) Dat 'n sekere konstante proporsie loseerders, gastehuse en tuisbedrywe in 'n woonbuurt "negatief sal impakteer op lewenskwaliteit" is uit die lug gegryp en verkeerd.

d) Dat 'n sekere konstante proporsie loseerders, gastehuse en tuisbedrywe in 'n woonbuurt "negatief sal impakteer op eiendoms waarde" is verkeerd. Eiendoms waarde sal eerder verlaag word as loseerders, gastehuse en tuisbedrywe afgekeur word.

c) Dit is absurd dat die munisipaliteit nou gevra word om loseerders, gastehuse en tuisbedrywe te verbied om sodoende "ons basiese belange waarvoor almal 'n hoë prys betaal, te beskerm".

Notice to Mr Ubbink by Mr Jacobs dated 19 July 2016:

The application for the above mentioned property is for the accommodation of 4 boarders as per the zoning scheme regulations. It is not a contravention. A reasonable application was lodged in 2015, but without any official objection by the municipality received upto July 2016. Subsequently it transpired that the wrong application forms were produced to the owner, the matter was revisited and another notice was received on 19 Jan. 2017, without municipal disapproval, except for copies of the neighbours' letters and the sequence in which matters developed. We did our best to follow correct application process and believe that our application is within reason. We are in the process of establishing an acceptable occupation of our dwelling as per regulations and are confident it will be to the satisfaction of all concerned. We apologize for any inconvenience the process may have caused to date.

Die veelsydigheid wat in die soneringsregulasies vervat word is eerder 'n aanwys vir 'n woonbuurt.

Die basiese feit is dat 'n woonbuurt dinamies en veranderlik is volgens gesinne wat intrek, groei, verskillende belange en belangstellings uitoefen, oud word en wegtrek en dat die siklusse van die leefwyses so voortgaan.

Die soneringsregulasies maak voorsiening daarvoor. Die enigste beswaar teen sulke "spesiale" gevalle mag wees as steurnis pertinent en gereeld veroorsaak word.

Ons het streng reëlings en ooreenkomste met huurders of loseerders dat, byvoorbeeld, gedurende 'n werksweek en Sondagaande, saans, daar geen steurnis sal wees nie. Enige luidrugtigheid sal slegs binne die normale aanvaarbare norme en tye wees.

"Kommune" het 'n vloekwoord geword. Inteendeel is dit egter 'n noodsaaklike instelling, uit ordelikhed en sekuriteitsoogpunt, sodat 'n groep loseerders een of ander verstandhouding ondermekaar het, om te kan saamstaan, soortgelyk aan dié van 'n huisgesin. Ons vra nie kommunes nie, maar dit is 'n stelsel wat automaties ontwikkel.

In ons geval word voldoen aan die maksimum toelaatbare getal loseerders insluitend die voorsiening vir parkering op perseel.

Volgens vereistes word die eienaar verteenwoordig deur 'n direkte bloedverwant, ook daar woonagtig. Die totale aantal huisbewoners sal 5 i.p.v. 3 wees. Ander huise in die buurt het tipies 2 tot 5 huisbewoners in die vorm van gesinne, insluitend loseerders.

Omdat Stellenbosch 'n universiteitsdorp is, het die waarde van eiendomme verhoog. Sonder die universiteit sou die waarde baie minder wees.

Dit is dat baie duidelik dat een of twee eienaars om een of ander rede samespanning bewerkstellig, nadat bure in die buurt opsweep is met die wanvoorstellings.

Dit is verregaande dat sekere mense deur samespanning, uit eiegeregtigheid en kwaadwilligheid, ander inwoners regte probeer ondermyn.

Ek versoek u graag om hierdie saak ewewigtig te hanteer. Ons toekomsbeplanning van die afgelope 23 jaar is in die gedrang. Uitsluitel sloer al langer as 'n jaar en ondermyn ons pogings onregverdiglik om ons toekomsplanne in werking te stel.

Mnr Badenhorst se brief:

Item 1:

The zoning scheme makes provision for boarders. There is no mention of "students". In fact Stellenbosch is well known as a student village with student boarders since a century ago.

Item 2:

"Students" are being accommodated throughout Stellenbosch. Why should an exception should be made of Paradyskloof. Central Stellenbosch is already subjected to abnormal traffic congestion. It is only natural that the outskirts of the town accommodate the overflow.

Item 3:

Ample alternative accommodation may be available in "identified areas", but the present zoning scheme makes provision for boarders, guest houses, etc., throughout Stellenbosch. Our present arrangement in Paradyskloof is based on the provisions in the zoning scheme.

Item 4:

The zoning scheme requires that at least a direct blood relation of the owner shall represent the owner on the premises. That is being done. There is no requirement against students. In fact our blood relation is not a student as alleged, but a senior working person of 41 years old. The owner has an arrangement to duly visit the premises once or more per month for maintenance and general administration.

Item 5:

The fear that a dwelling with some students will "affect the value of adjacent properties" is unfounded. In fact it may enhance the value of properties, as the value of properties are already enhanced, due to Stellenbosch being a student village. Take the university away and the value of Stellenbosch properties will drop.

Our overall planning in 7 Florida Street was that eventually, due to retirement, our house may be occupied with boarders, albeit students, for a while, with the option that it may eventually be occupied by ourselves once again, as elderly people, with the possible inclusion of nursing staff, etc. This has nothing to do with "greed" as alleged by Mr. Ubbink. In all likelihood the property will eventually be sold to a younger generation, and so the life cycle will repeat itself. So also in all other dwellings of the neighbourhood and elsewhere.

We believe that we are entitled to manage our home in the way set out above. The only way when it could be prohibited is when it proves to be a general nuisance.

We also believe that complaints by the neighbours is prejudiced due to malice and pettiness of one or two self-righteous individuals who influenced, instigated and compromised others in the neighbourhood.

Kind regards,

M E Pienaar Schalk Pienaar

Mimmie en Schalk Pienaar.

Floridast. 7, Paradyskloof, Stellenbosch.

Administrative Officer : Customer Interface & Administration
Planning & Economic Development.

Munisipaliteit Stellenbosch.

27 Jan. 2017.

Salome Newman,

Erf 7978, Stellenbosch, Aansoeknr: LU/4439:

Ons het gister eers u geregistreerde pos ontvang met die lys handtekeninge.

Die soneringsregulasies bevat die opsies vir spesiale gebruik, insluitend addisionele persone, ens. Die voorwaarde is dat die raad toestemming moet verleen.

Na ons mening kan toestemming nie sonder rede geweier word nie.

Kortliks, inaggenome ons vorige verweer:

Die beswaarmakers weet van die klosules in soneringsregulasies en het deurentyd kennis gedra van die toegewings wat daarin is. Uit regverdigheid behoort slegs besware gegrond op bewese feite geopper te word, nie emosionele vooroordele nie.

Ubbink vereis van die munisipaliteit om teen ons op te tree. Ons neem eksepsie teen sy beledigende aantygings.

Dit (sy brief van 7 Okt. 2016) is gebaseer op vals aannames.

Sy brief is vol bevooroordeelde uitdrukkings en wanopvattinge soos elders aangehaal. Dit dui deurgaans op emosioneel belaaide, aggressiewe veronderstellings.

Ons was deurentyd, sedert November 2015 in voeling met die munisipaliteit en die soneringsregulasies.

Ubbink het nou handtekeninge vir 'n petisie versamel. Dit is 'n ontnugtering en terleurstelling. Ons is nie misdadigers soos Clayton Jacobs teenoor Ubbink beweer en sodoende sy saak teen ons versterk nie. Hierdie samespanning met die munisipale amptenare, op voornaamsterme, ens. is, na ons mening, ongeoorloof.

Om ons in swak moontlikse lig te stel beweer Ubbink dat ons eiendom "onooglik" is.

Ons indruk egter is dat sy eiendom onooglik gemaak is met twee dubbel- en twee enkel motorhuisdeure en hoë mure oor die wydte van sy straatfront, asook met 'n nuttelose staalstruktuur teen die straatgrens.

Op die hoë mure is onooglike elektriese bedrading. Dit lyk soos 'n barrikade in 'n fabriek se agterplaas. Ons doen en late behoort hom dus nie te pla nie.

Foto P8030055-a.

Foto's P1130310-a en P1130311-a: Let wel die sagte hantering van die straatfront aan ons kant. Die landelike styl van ons huis, die spesiaal ontwerpte groen staal- en draadhekke, bykans onsigbare groen draadheing, houtlatte en struikdra, in teenstelling met en die voorstedelike en uitheemse style van bure oorkant, by tot die verlangde "rustige" landelikheid van die buurt.

Ons slaapkamers front op 'n groot tuin agter. Die badkamers, trapportaal en kombuis front op die straat. Verkeersgeraas pla ons nie.

Die natuurlike grondoppervlak van ons inry is in tred met die tradisionele grond-

sypaadjies in die middedorp, byvoorbeeld in die omgewing van die munisipale geboue.

Let wel ons ruim toelating vir voetgangers op die sypaadjie.

Ubbink het die sypaadjie voor sy straatfront beplant om sy onooglike strukture te verskans.

Sodoende het hy die sypaadjie op 'n selfsugtige manier ontoeganklik gemaak vir voetgangers, veral vir gestremdes, stootwaentjies en senior burgers. 'n Motor moet 'n halwe meter of meer vanaf die randsteen parkeer sodat passasiers kan uitklim. Dit dra by tot die impak op verkeersvloei.

Foto P1260321-b. (Let ook op die messelwerk, klipterasse en plante op die sypaadjie voor erf 7951.)

Die vergunning van spesiale gebruik van sypaadjies word misbruik, elders in Paradyskloof ook.

Ubbink beweer dat inwonende studente sy woonstel, wat op die straat uitkyk, pla.

In werklikheid is die gebou swak ontwerp in die sin dat die woonkamer op, veral 'n besige straat soos Floridastraat, front.

Foto P8030055-a.

Hy beweer dat inwonende studente die waarde van sy eiendom sal verlaag.

In werklikheid het hy en ander beswaarmakers oorgekapitaliseer met hul aanbouings en hul uitgawes sal nie gou verhaal kan word nie.

Ook Stevens het die res van die buurt teen inwonende studente by ons opgesweep.

Na ons mening is dit uiters ongevraagd en ongeregverdig dat sy daaglikse uitstappies met elkeen van die bure te onderneem en blykbaar ook amptenare by die munisipaliteit persoonlik nader, ten einde hulle met hulle saam te span om ons aansoek af te keur. Selfs die wyk se raadslid FJ Badenhorst is, na ons mening, in so 'n mate ongeoorloofd beïnvloed dat hy hul opinies eensydiglik beaam het.

Orals in Stellenbosch is en was huiseienaars, wat tradisioneel studente-verblyf verskaf.

Sedert die stigting van die universiteit is loseerders by huise ingeneem. Enige iemand wie in Stellenbosch kom woon weet dit is 'n universiteitsdorp met minstens vyf groot skole, binne 'n kilometer of wat van mekaar.

Dit alleen verhoog die waarde van eiendomme, ten spyte van studente loseerders, gepaardgaande verkeer, ens.

Elkeen, wie op 'n werksdag deur Stellenbosch se middedorp ry, ervaar hopelose kongestie, opeenhoping van verkeer en tekort aan parkeerplek.

Stellenbosch middedorp bars uit sy nate en dit is bloot natuurlik dat die dorp na die buitewyke uitbrei. Volgens raadslid Badenhorst se brief, word daar boonop nou addisionele verblyf vir studente in die middedorp verskaf. Dit sal die probleem net vererger.

Paradyskloof is eerder 'n dinamiese as "rustige" woonbuurt. Die strate dra deurlopende motorverkeer tussen Blaauwklippen- en Paradyskloofweg. Die Boord, Dalsig en Brandwacht is soortgelyk.

Net buurte verder op soos La Pastorale en Eden, asook sekuriteitskomplekse soos De Zalze, kan as "rustige" woonbuurte beskou word aangesien hulle geen deurry verkeer dra nie.

Die eiendomme van Van Helsdingen (erf 7973) en Stevens (erf 7975) front nie teen ons agterste grens en ons doen en late behoort hulle assulks nie te hinder nie.

Erf 7974 agter ons is voorheen deur Stevens uitverhuur. Ons het nooit klagtes van hulle ontvang nie.

Ons verwys weer na ons in-diepte, formele reaksie teen besware gedateer 21/22 Julie 2016, aan die munisipaliteit gestuur op 12 Aug. 2016, waarin ons die besware van die omringende eienaars individueel en in detail aanspreek.

Ons het groot uitgawes aangegaan en jare lank ons toekoms vooruit beplan ten einde hierdie projek te bewerkstellig. Die beswaarmakery en sloerdery kos ons reeds duisende rande.


Die agentskap(pe) waardeur ons werk is baie professioneel en enige huurders word diskreet uitgesoek en aan streng voorwaardes en ooreenkomste onderwerp, in belang van onself en alle betrokkenes.

Indien ons beplanning nie voortgaan nie, sal ons 'n substansiële finansiële verlies ly, en dit weens emosionele miskonsepsies van die bure.

Ons persepsie is dat, omdat die aansoek, na langer as 'n jaar, nie deur die Raad afgekeur is nie, ons 'n aanvaarbare saak het en dat die bure oormatig bekommerd is.

Ons vertrou dus met respek dat die Raad ons aansoek nie sal afkeur nie

By voorbaat dank.



Mimmie en Schalk Pienaar.

Floridastraat 7,

Paradyskloof.

Kopieë: Raadslede Badenhorst en Lombaard.

From: Schalk Pienaar <schalkspa@gmail.com>
 Sent: 20 January 2017 12:04 AM
 To: Salome Newman
 Subject: [EX] Re: Besware op Erf 7978, Stb

Administrative Officer : Customer Interface & Administration

Planning & Economic Development

Geagte Salome Newman,



Ons verwys graag na ons in diepte, formele verweer teen besware gedateer 21/22 Julie 2016, waarin alle besware in detail aangespreek word.

Die beswaar van mev. Stevens 12 Okt. 2016, en ander, is ongegrond en ongeldig, dat byvoorbeeld

- a) loseerders aanleiding sal gee tot meer sulke "ontwikkelings" (Daar sal altyd 'n konstante verhouding tussen studente en huiseienaars wees, tensy die aantal studente vermeerder, of eienaars verminder)
 - b) so 'n "ontwikkeling" "negatief sal impakteer op die verkeer". (Dit is dorpsuitbreidings wat negatief impakteer op verkeer.)
 - c) dit "negatief sal impakteer op lewenskwaliteit". (Hoekom nie positief impakteer op lewenskwaliteit nie?)
 - d) dit "negatief sal impakteer op eiendoms waarde." (Eiendoms waarde sal eerder verhoog.)
- c) Dit is absurd dat die munisipaliteit gevra word om "ons basiese belange waarvoor almal 'n hoë prys betaal, te beskerm". (Die munisipaliteit verhoog intendeel gereeld munispale belasting en kostes om sodoende by te dra tot die "hoë prys".)

Die basiese feit is dat die buurt dinamies en veranderlik is soos families intrek, groei en wegtrek. Daar is verskeie gastehuse, eienaars wat loseerders inneem en privaatpraktyke uit hul huise onderneem, aktiwiteite in die strate onderneem, ensomeer. Die soneringsregulasies maak voorsiening daarvoor. Die enigste beswaar teen sulke gevalle mag wees as steurnis pertinent veroorsaak word. Ons het 'n streng reëling en ooreenkoms met huurders dat, byvoorbeeld, gedurende 'n werkswaek en Sondagaande, daar geen jolyt sal wees nie. Enige luidrugtigheid sal binne die normale aanvaarbare norme wees.

"Kommune" het 'n vloekwoord geword. Dit is egter noodsaaklik, uit ordelikeheid en sekuriteitsoogpunt, dat 'n groep van vier loseerders een of ander verstandhouding ondermekaar het, om te kan saamstaan, soos 'n familie.

In ons geval word voldoen aan die maksimum toelaatbare getal loseerders en voorsiening vir parkering op perseel. Volgens vereistes word die eenaar verteenwoordig deur 'n direkte bloedverwant, ook daar woonagtig. Die totale aantal huisbewoners sal 5 i.p.v. 3 wees. Ander huise in die buurt het tipies 2 tot 5 huisbewoners.

Intendeel, die feit dat Stellenbosch 'n universiteitsdorp is, het die waarde van eiendomme verhoog. Sonder die universiteit sou die waarde baie minder wees.

Dit is dat baie duidelik dat een of twee eienaars samespanning bewerkstellig en sodat die die buurt histories opswaep word met die wanvoorstellings.

Hallo Salome Newman,

Ons e-pos van 25 Jan. 2017 verwys.

Onderstaande is die verweer, gedateer 21 Julie 2016, "Mun Stbosch ERF 7978 aansoek", wat ons op 12 Aug. 2016 aan DIE DIREKTEUR: BEPLANNING EN EKONOMIESE ONTWIKKELING gestuur het.

Dit blyk dat dit nie inaggeneem word nie, want daar word nie in julle korespondensie erkenning daaraan gegee of verwys nie. Erken asb. ontvangs daarvan.

1. Ons het selfs direk met die bure gekorrespondeer, sonder enige erkenning of terugvoer. Sien "Re: Application on Erf 7978, Stellenbosch.eml" hierbie ingesluit.
2. Ons het slegs verdere korespondensie van Stevens gesien wat bevooroordeelde aannames en retoriek bevat soos "Geskiedenis toon duidelik", "aanleiding gee", "negatief sal impaktee op verkeer, lewenskwaliteit en eiendoms waarde", "staatgemaak kan word", "basiese bestaande belange", "almal in die buurt 'n hoë prys betaal" en "Ons versoek dus dat hierdie aansoek afgekeur sal word", en ook van Ubbink 'n reeks soos "surprize", "delaying technique", "illegally", "late response", "contravention", "filed incorrectly", "protect us", "violations", "departures", "cost to neighbours", "errors", "dealt with", "objection", "do not want", "sore eye", "negative influence", "deviate", "do not respect law and rights", "lose our grip", "residential feeling", "look of our neighbourhood", "paid a premium" en "right to protect".

As gevolg van die petisie met die beswaarmakers se handtekeninge, wat Ubbink bymekaar gemaak het (dit was nie in u e-pos aan ons van 19 Jan. 2017 nie) voel ons verplig om 'n verdere verweer hierby in te sluit. ("**Verweer 2 op Erf 7978 Stb**")

Ons vra verskoning vir al die herhaling, maar dit is uiters noodsaaklik dat óns kant van die saak so omvattend as moontlik oorgedra word.

Die uwe,

Schalk en Mimmie Pienaar.

----- Forwarded Message -----

Subject:Fwd: Floridast 7- Fwd: Re: Application on Erf 7978, Stellenbosch

Date:Mon, 15 Aug 2016 10:54:54 +0200

From:Schalk Pienaar sr <schalkspa@gmail.com>

To:robert.foov@stellenbosch.gov.za

CC:Clayton.Jacobs@stellenbosch.gov.za, elsje@hdk.co.za <elsje@hdk.co.za>

Munisipaliteit Stellenbosch.

Beplannings- en ontwikkelingsdienste.

Vir aandag: DIE DIREKTEUR: BEPLANNING EN EKONOMIESE ONTWIKKELING.

12-08-2016.

Geagte meneer,

Aansoeknommer: LU/4439

Aansoek om "tydelike afwyking op erf 7978, Stellenbosch:

Ingesluit is

1. vorige e-pos: Application on erf 7978, Stellenbosch,
2. Mun Stbosch ERF 7978 aansoek en
3. drie foto's ter illustrasie.

Ons vertrou dit is voldoende vir ons motivering.

Die uwe,

Schalk en Mimmie Pienaar.

Sea View-rylaan 79, Franskraal, Overstrand
Floridastraat 7, Paradysdoof, Stellenbosch.

schalkspa@gmail.com

tel: 028-3880120 / 021-8801411, sel: 083-4804948

Vorige korrwespondensie: (previous correspondence)

Die Sonering-afdeling.

Munisipaliteit Stellenbosch.

21 Julie 2016.

Vir aandag: Die stadsklerk, mnre Fooy en Jacobs.

Geagte menere,

Re: Aansoek op Erf 7978, Stellenbosch:

Ons het geen kennis gedra van die geregistreerde brief gedateer 29 Feb. 2016, maar gestempel 4 Mei 2016, nie.

Op 8 Maart 2016 het ons 'n antwoord gekry van sonita.matthee@stellenbosch.gov.za:

Your Reference Number: 414260 Ek erken ontvangs van u skrywe gedateer 2016-02-18. Daar word kennis geneem van die inhoud van u skrywe. Die saak geniet aandag en 'n verdere skrywe, indien nodig, sal ter geleger tyd aan u gerig word. U verwysingsnommer is : 414260 STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT Ons het geen verdere skrywe ontvang en het dus aanvaar dat dit nie nodig was.

Ons kan ook nie regtig kommentaar op die geregistreerde brief gedateer 29 Feb. 2016 lewer nie, omdat ons nie presies weet wat die besware is nie en hoekom nie.

Paragraaf 5.2 (b) van die soneringskema regulasies, tersaaklike komentaar, verwys.

Omdat daar in die sonering regulasies wel toelating vir 4 loseerders is, behoort enige besware in alle billikheid sekerlik tersaaklik te wees.

Wat ons betref kan daar geen tersaaklike besware wees nie omdat daar aan die vereistes vir loseerders voldoen is en omdat hul gedrag uitnemend is.

ons in daaglikse beheer oor hulle is, of persoonlik, en/of via ons direkte bloedverwant (10.2.2 f(ii), wie daar inwonend is en/of via ons agentskap wie die ooreenkoms met hulle vir ons opgestel het.

Vir ordelikheid, sekuriteit en veiligheid is daar streng reëlins vir toegangsbeheer in die huis en op die perseël.

Ingesluit is korrespondensie van 18 Feb. 2018, wat aan al die betrokkenes gerig gecos en/of per e-pos gestuur was, omdat ons bewus was van die sorge van 3 van die omringende inwoners.

Geen geen skriftelike afkeuring was egter tot nou toe daarop verkry nie.



STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

APPENDIX 7

(APPLICATION FOR A SPECIAL DEVELOPMENT: ERF 7978, PARADYSKLOOF 7
FLORIDA STREET, PARADYSKLOOF, STELLENBOSCH)

COMMENTS FROM INTERNAL DEPARTMENTS

INTERDEPARTMENTAL CIRCULATION FORM

LêER VERW/ FILE REF	Erf 7978, Stellenbosch	DATE: 31 July 2017
AANSOEKNUMMER/APPLICATION NUMBER	LU/4439	
MEMO AAN/ TO :		
X	Director : Traffic Engineer / Engineering Services	
	Manager : Electrical Department	
	Manager : Building Development Management	# LU 1485
	Manager : Fire Services	
	Manager: Spatial Planning / Heritage / Environment / Signage	Aug 2/8/2017.
	Manager: Health Department (Winelands Health)	
	Manager: Community Development	
	Manager: Property Management (P Smit)	
	Manager: Local Economic Development (LED)	
	Chief Financial Officer	
Application	Application for special development to enable the owner to accommodate four (4) additional persons on Erf 7978, Stellenbosch.	
Adres / Address	7 Florida Street, Paradyskloof, Stellenbosch	
Aansoek Datum Application te	25 November 2015	
Aansoeker Applicant	ME Pienaar	
<p>Aangeheg vind u tersaaklike dokumentasie in verband met bogenoemde aansoek. Ten einde my in staat te stel om die aansoek aan die besluitnemingsowerheid vir oorweging voor te lê, word u versoek om my skriftelik van u kommentaar, indien enige, te voorsien. Onderskei asseblief tussen algemene kommentaar op die meriete van die aansoek en enige voorwaardes wat u departement wil oplê indien die aansoek goedgekeur word.</p> <p>Attached please find the relevant documentation regarding the abovementioned application. Kindly furnish me with your written comment, if any, in order to enable me to submit the application to the decision making authority for consideration. Please differentiate between general comment on the merits of the application and any conditions that your department wishes to impose should the application be approved.</p> <p>Geliewe die memorandum <u>per hand</u> aan my terug te besorg voor of op: Please <u>hand deliver</u> the memorandum to me on or before : 30 August 2017</p> <p>B Mdoda or DIRECTOR: PLANNING AND ECONOMIC DEVELOPMENT</p> <p>ALGEMENE KOMMENTAAR / GENERAL COMMENT:</p> <p>Traffic Engineering: Re comment for Approval: <i>[Signature]</i> 2017/08/23</p> <p>VOORWAARDES/CONDITIONS:</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p>		
HANDTEKENING / SIGNATURE	DATUM / DATE	

FILE NR:	
SCAN NR:	E 79785
COLLABORATOR NR:	537494

VERWYSING/REF: Erf 7978, Stellenbosch DATUM/DATE : 23 December 2015

MEMO AAN :

- Director : Verkeers Ing / Traffic Engineer
- Director : Ing en Tegn Dienste / Engineering Dep
- Director : Elek Ing dienste/ Electrical Dept
- Manager : Building Control
- > Director : Brandweerdienste / Fire Dept
- Director: Corporate Services
- Manager: Spatial Planning / Heritage / Environment / Signage
- Director : Gesondheidsdienste / Health Dept (Winelands Health)
- Director : Parks



Application	Temporary Departure
Adres / Address	07 Florida Street, Paradyskloof, Stellenbosch
Aansoek Datum / Application Date	25 November 2015
Aansoeker / Applicant	M E Pienaar

Aangeheg vind u tersaaklike dokumentasie in verband met bogenoemde aansoek. Ten einde my in staat te stel om die aansoek aan die Beplanning- en Ontwikkelingskomitee vir oorweging voor te lê, word u versoek om my skriftelik van u kommentaar, indien enige, te voorsien.

Onderskei asseblief tussen algemene kommentaar op die meriete van die aansoek en enige voorwaardes wat u departement wil op lê indien die aansoek goedgekeur word.

Attached please find the relevant documentation regarding the abovementioned application. In order to enable us to submit the application to the Planning and Development committee for consideration, we request that you supply us with your written comment, if any.

Please intercept between general comment on the merits of the application and any conditions that your department would like to lay on if the application has been approved.

Geliewe die memorandum per hand aan my terug te besorg voor of op:
 Please forward the memorandum by hand to me on or before: **23 January 2016**.....
(Datum/Date)

S Newman

For DIRECTOR: PLANNING AND ECONOMIC DEVELOPMENT

ALGEMENE KOMMENTAAR:
GENERAL COMMENT:.....
In order

VOORWAARDES/CONDITIONS.....

HANDTEKENING / SIGNATURE	DATUM / DATE
	21/01/2016

E 7978 S
406838

(12)
f

VERWYSING/REF: Erf 7978, Stellenbosch	DATUM/DATE : 23 December 2015
MEMO AAN :	
Director : Verkeers Ing / Traffic Engineer	
> Director : Ing en Tegn Dienste / Engineering Dep	
Director : Elek Ing dienste/ Electrical Dept	1135 LUPB
Manager : Building Control	
Director : Brandweerdienste / Fire Dept	07/1/2016
Director: Corporate Services	
Manager: Spatial Planning / Heritage / Environment / Signage	
Aangeheg vind u tersaaklike dokumentasie in verband met bogenoemde aansoek. Ten einde my in staat te stel om die aansoek aan die Beplanning- en Ontwikkelingskomitee vir oorweging voor te lê, word u versoek om my skriftelik van u kommentaar, indien enige, te voorsien.

Onderskei asseblief tussen algemene kommentaar op die meriete van die aansoek en enige voorwaardes wat u departement wil opleë indien die aansoek goedgekeur word.

Attached please find the relevant documentation regarding the abovementioned application. In order to enable us to submit the application to the Planning and Development committee for consideration, we request that you supply us with your written comment, if any.

Please intercept between general comment on the merits of the application and any conditions that your department would like to lay on if the application has been approved.

Geliewe die memorandum per hand aan my terug te besorg voor of op ... 14 March 2016
 Please forward the memorandum by hand to me on or before:
 (Datum/Date)

H Deacon
 DIRECTOR : PLANNING AND DEVELOPMENT SERVICES

GENERAL COMMENT:

. No Comment
 1.

CONDITIONS:

- Appropriate caution shall be taken during construction, to prevent damage to existing electrical equipment in the vicinity. Should damage occur, the applicant will be liable for the cost involved repairing damages.

	<u>30/03/2016</u>
HANDTEKENING / SIGNATURE	DATUM / DATE

E 13836 S
 419791



MEMO

DIRECTORATE: ENGINEERING SERVICES
DIREKTORAAT: INGENIEURSDIENSTE

To ◦ Aan: Director: Planning + Development Services
 Att Aandag Ms. H. Deacon
 From ◦ Van: JJ. Fourie (Development Services)
 Date ◦ Datum: 24/10/2012
 Our Ref ◦ Ons Verw: Erf 13836 Stellenbosch
 Re ◦ Insake: Erf 13836 Stellenbosch: Application for Special Development and Temporary Departure

The Directorate Engineering Services (Civil Engineering Section) recommend the application for a special development and a temporary departure for approval on the following conditions.

Water

- The water supplied to the property by the owner has to comply with the SANS 241 Drinking Water Quality Standards

Waste Water and Sewage

- No new septic tanks and soak - aways are permitted to be built for disposal of domestic and industrial effluent on site.
- The owner must dispose of the waste water and sewage in such manner that it does not pollute any surface water, stormwater and ground water.
- A professional service provider be appointed to investigate a water borne sewer system for the development to be connected to the Municipal sewer system.
- This connection is necessary to eliminate all the existing septic tanks and soak-aways.
- Grease traps to be installed in sewer system of all the food preparation areas.

Res
15/12


Solid Waste

- The solid waste must be removed from the site to a legal solid waste disposal site in accordance with the requirements of section 20 of the Environmental Conservation Act, 1989 (Act 73 of 1989)
- Provision must be made for the solid waste storage facility. The design of the building must make provision for a refuse storage room/ building, designed for the storage of refuse and complying with the following conditions.
 - Refuse storage area should be designed to accommodate the 240 liter municipal wheeled containers.
 - A minimum of 50 liters of storage capacity per person working or living on the premises, is to be provided to allow for a "once a week" collection frequency.
 - A tap with minimum 12mm diameter standard hose connection shall be provided in the Waste/ Recycling storage area/ room for washing containers and cleaning spillage. The floor should be drained towards a 100 mm floor trap linked to a drainage pipe discharging to a sewer gully outside the building. A grease trap/ gully is required in terms of the Water Services directorate.
 - The storage room/ building shall be roofed to prevent any rainwater from entering the sewer system and shall be adequately ventilated.

Bulk Infrastructive Contributions Services (BICL'S)

- The following BICL'S are payable on the services rendered by the Municipality.

Roads:	to be calculated on trips generated.
Sewage:	to be calculated on volume of sewage generated.
Solid Waste:	to be calculated on volume of solid waste generated.
Stormwater :	to be calculated on extra hardened surfaces created for parking.
Water:	only applicable when potable water is obtained from the Municipality.



JJ. FOURIE

HEAD: DEVELOPMENT SERVICES (ENGINEERING SERVICES)



STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNICIPALITY • UMASIPALA • MUNISIPALITEIT
DEPARTMENT: PLANNING AND ECONOMIC DEVELOPMENT

APPENDIX D

Robert Fooy

From: Deon Carstens <deon@annabasson.co.za>
Sent: 15 February 2017 10:23 AM
To: Robert Fooy
Subject: [EX] Weltevreden - kommentaar
Attachments: Kommentaar Weltevreden.docx; Weltevreden Kommentaar.docx; Weltevreden Homestead (History).docx; Aerial view Colour (reduced size).jpg

Robert more

Jammer die kommentaar bereik jou nou eers – ek was bietjie uitstedig weens klein familie crises.

Ek het nie in veel detail ingegaan nie. Die vroeer skrywe gee meer detail.

Laat weet as daar wysiging of voorstelle is.

Mooi dag

Deon Carstens
M: +27 72 906 2717
F: +27 21 887 3875

Die Direkteur:Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling
 Stellenbosch Munisipaliteit
 Pleinstraat
 STELLENBOSCH
 Vir Aandag: Mnr R Fooy

PG Carstens
 Posbus 981
 STELLENBOSCH
 7599
 Junie 2016

Meneer

AANSOEK OM WYSIGING VAN VOORWAARDES EN AANSOEKE OM VERSLAPPING VAN BOULYNE –
 ERF 13836, WELTEVREDEN, STELLENBOSCH – LU/3995

Ek verwys na bostaande en die kommentaar/besware wat teen gemelde aansoek ontvang is.

1. Agtergrond

Gedurende 2015 is 'n vergadering met belanghebbendes van Welgevonden belê, ten einde sake van gemene belang te bespreek. Die vergadering is ook bygewoon deur Raadslid Serdyn en Senior Beplanner Colleen Charles.

Tydens die vergadering is klagtes rakende beweerde geraas bespreek en is daar in die gees van goeie buurmenskap maatreëls ingestel om die bedryf van aktiwiteite op die plaas Weltevreden verder te bestuur.

Beweerde geraas as gevolg van sekere aktiwiteite was die volgende:

- i) **Kinderspeelarea:** Kinders raas en die musiek by speelgrond steurend vir nabygeleë eienaars. – Weltevreden het aangebied om die musiek te staak en inderdaad so gedoen. Die feit dat die speelarea in normale "besigheidsure" bedryf word is deel van normale sosiale aktiwiteit – speelgroepe en speelparke kom oral in woonbuurte voor.
- ii) **Maze – Funksies:** Aktiwiteite in die area is beperk. Weltevreden het onderneem om geen verdere/nuwe troues te bespreek nie ten spyte van die groot finansiële impak op die bedryf van Weltevreden. Die voorstel is gemaak (en het algemeen byval gevind) dat die motors verskuif na die Tydelike tentstruktuur by die Maze en dat funksies plaasvind in die goedgekeurde area waar die motors tans gestoor word. Die aansoek wat toe reeds ingedien was, is dienooreenkomsteig aangepas.

Weltevreden het by die ondernemings gehou en het ook 'n desibelmeter op perseel ten einde te voldoen aan die toelaatbare desibels wat uit enige aktiwiteit voortspruit. Die toelaatbare desibels word nie oorskry nie.

2. Aansoek en kommentaar

26 Geregistreerde skrywes is aan individuele eienaars aangrensend aan Weltevreden gestuur. 6 Individuele eienaars asook die Huiseienaarsvereniging (HEV) het gereageer/beswaar aangeteken. (Daar is ook skrywes van direk aangrensende eienaars ontvang wat die aktiwiteite op Weltevreden ondersteun.) Welgevonden bestaan uit ongeveer 1000 eiendomme en veral die speelarea word daaglikse deur talle van die inwoners gebruik.

Die besware van die individuele eienaars handel uitsluitlik oor beweerde geraas – die beswaar word dus as een beswaar hanteer.

Uit die besware is dit duidelik dat die aansoek nie korrek verstaan word nie. Die geleentheid word egter "misbruik" om die beweerde geraas aan te spreek. Die grondgebruike soos op die perseel goedgekeur word nie per se as 'n probleem geopper nie.

2.1. HEV Kommentaar

Die HEV kommentaar is geskryf deur Johan du Plessis. Tydens gesprek met Johan was dit duidelik dat al die inligting nie deurgegee is nie en dat daar ook nie 'n terreinbesoek was nie. Die instruksies wat Johan ontvang het, het dit laat blyk dat daar aangebou gaan word. Die HEV is ook van mening dat die boulyn nie oorskrei behoort te word nie en dat stoor elders geplaas kan word. Johan het vergadering met HEV ondersteun.

Dit moet in gedagte gehou word dat die eiendom 'n uiters belangrike erfenisterrein is. Die grootste gedeelte van die grond is ook verklaar as 'n erfenisterrein en Erfenis Wes-Kaap het vorige voorstelle vir aanbou van geboue afgekeur. Die area waar die stoor voorgestel word is wel deur Erfenis Wes-Kaap goedgekeur. Die stoor kan dus nie enige plek op perseel geplaas word nie.

2.2. Individuele Kommentaar

Die kommentaar/Beswaar van individuele eienaars handel oor beweerde geraas vanaf die kinderspeelarea en funksies by die tentstruktuur.

Die maatreëls wat Weltevreden ingestel het het sover moontlik die "geraas" by kinderspeelarea beperk. Weereens, die speelarea is slegs gedurende normale dag-ure beskikbaar.

Die aansoek word juis gedoen om die funksies by die Maze te skuif na die goedgekeurde lokaal, bekend as die "Kelder". Ten einde die gebruik te skuif is die nodig om die motors te verskuif na 'n stoorarea. Die voorstel is dus om die motors tydelik in die tentstruktuur (met sekere wysigings), te stoor. Hierdie is nie die ideale stoorarea nie en die meer permanente oplossing is die bou van die stoor soos verwys in die aansoek. Weereens die areas op plan is die enigste gebiede waar geboue opgerig kan word.

Erf 13836 is gesoneer vir Landboudoeleindes en is sleg 3,7ha groot. Die eienaars is dus geregtig om werknemers te huisves en store op te rig. Die bewering van aangrensende eienaars dat die rustigheid van die area versteur word is nie gegrond nie, aangesien Landbou aktiwiteite met masjienerie en werkers mag plaasvind.

Dit is ook alombekend dat Historiese geboue nie onderhou kan word deur normale residensiële/gesinsgebruike nie. Wyle Dr Rupert het telkemale verwys na die ekonomiese aanwending van Historiese geboue. Die bekende "Conservation without sustainable income is just Conversation", spruit hieruit voort. Die geboue is teen groot koste opgeknop en moet finansiël onderhou word anders verval die geboue weer. Duidelike tekens van verval was reeds sigbaar toe die huidige eienaars die eiendom gekoop het.

Weltevreden Retief Residence verskaf tans werk aan ongeveer 65 mense uit Cloeteville en Kayamandi. Ongeveer 70% van hierdie mense was voorheen werkloos en is op die perseel opgelei.

Die aansoek is ook nie vir groot wysigings nie, maar die gebruik van tydelike strukture/afdakkies vir buitelig sit-areas. Oral in die dorp word buitelig areas gebruik. Dit is ook so dat baie plase restaurant en ander funksies aanbied juis om die lewensvatbaarheid van die Eiendomme te verseker en toerisme te bevorder.

Met bostaande agtergrond en kommentaar is dit ons mening dat die besware soos ontvang nie dui op teenkating teen die gebruike nie, maar wel die beweerde geraasfaktor. Geraas is iets wat bestuur kan word en die eienaars doen reeds hul bes om goeie buurmanskap te bevorder en in stand te hou. Stellenbosch kan nie bekostig om hierdie erfenisterrein en volhoubare werksgeleenthede te verloor nie.

Die Uwe

PG Carstens



STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNICIPALITY • UMASIPALA • MUNISIPALITEIT
DEPARTMENT: PLANNING AND ECONOMIC DEVELOPMENT

APPENDIX E



DHM

du plessis • hofmeyr • malan

land law specialists

5 Maart 2016

Die Direkteur: Beplanning & Ekonomiese Ontwikkeling
Stellenbosch Munisipaliteit

Per telefaks 021-886-6899
En Per Hand

Meneer



E 138365

414501

**BESWAAR TEEN AANSOEK OM WYSIGING VAN VOORWAARDES EN AANOEKE OM
VERSLAPPING VAN BOULYNE: ERF 13836, WELTEVREDEN, STELLENBOSCH: AANSOEK NO.
LU/3995**

1. Ons tree op namens die Welgevonden Huseienaarsverenig.
2. U brief van 10 Februarie 2016 aan die Welgevonden Huseienaarsverenig is aan ons oorhandig vir verdere aandag.
3. In opdrag van ons klient teken ons hiermee namens ons klient formeel beswaar aan teen die toestaan van die betrokke aansoeke en wel vir die redes soos hieronder uiteengesit.

Huidige aansoeke

4. Die applikant doen aansoek dat die voorwaardes wat opgelê is met die toestaan van 'n tydelike afwyking gewysig word sodat die area wat tans deur die bestaande restaurant in beslag geneem word, uitgebrei word om in te sluit:
 - 4.1. dat 'n onderdak area buite van ongeveer 100 m² wat aan die bestaande restaurant grens en sitplek bied aan kliente, vir restaurant doeleindes gebruik kan word;
 - 4.2. 'n speel area vir kinders van ongeveer 100 m².
5. Die applikant doen voorts aansoek vir die volgende afwykings, naamlik die verslapping van:
 - 5.1. die 30m laterale boulyn tot 10m (agter en sy boulyne) om 'n 500 m² stoor en strukture op te rig wat in die speel area geleë sal wees; en
 - 5.2. die 30m syboulyn tot 10m ten einde die eienaar in staat te stel om die bestaande tent struktuur (wat ongeveer 400 m² onderdak bied) te "formaliseer" en vir stoordoeleindes (voertuie) te gebruik.

DU PLESSIS HOFMEYR MALAN INC (Registration Number: 2011/134562/21)

ATTORNEYS • CONVEYANCERS • NOTARIES

DIRECTORS: JP du Plessis B Juris LLB (UNISA), BPhil & MPhil Sustainability (US) •

CJ Hofmeyr BA LLB (US), LLM (HU-Berlin), LLM Public Law (UCT) • H Malan BA Industrial Psych (US), LLB (UNISA)

Unit No. 12, Paardevlei Specialist Medical Centre, Gardner Williams Avenue, De Beers Precinct, Somerset West, 7130 • PO BOX 70, Somerset Mall, 7137 • Tel: 021 851 0359 • Fax: 021 851 4852

Motivering van beswaar

6. Dit is belangrik om daarop te let dat tydelike afwykings, soos die woord "tydelike" aandui, uiteraard veronderstel is om tydelik van aard te wees. Met ander woorde, tydelike afwykings behoort slegs vir 'n beperkte tyd toegelaat te word en behoort nie gebruik te word om 'n behoorlike hersoneringsproses te vermy nie.
7. Die karakter van die uitbreidings en bouwerk soos in die vooruitsig gestel in die betrokke aansoek is duidelik nie van tydelike aard nie, maar dui op 'n bedoeling om 'n meer permanente gebruiksreg te vestig. As sulks behoort dit nie as "tydelike" afwyking toegelaat te word nie.
8. Welgevonden dorpsgebied het 'n residensiële karakter en die sonerings wat toegeken is aan eiendomme geleë binne daardie dorpsgebied is juis daarop gemik om die gebruiksregte van eienaars en bewoners tot so 'n mate te beperk dat dit die gewone gemak, gerief, stilte en vrede van inwoners behoort te verseker. Die oogmerke met daardie beperkings sal egter ongedaan gemaak word indien die eenaar van 'n direk aanliggende eiendom toegelaat word om sy eiendom op 'n wyse te benut wat **nie versoenbaar is met die residensiële karakter van Welgevonden nie**.
9. Die bestaande gebruik van Erf 13836 Stellenbosch gee volgens ons instruksies reeds aanleiding tot wesenlike inbreukmaking op die gewone gemak, gerief en stilte van inwoners van Welgevonden.
 - 9.1. Die geraas wat voortspruit uit die bestaande gebruik van Erf 13836 is nie vergelykbaar met die geraas wat voortspruit uit gewone residensiële gebruike nie. Die geraasvlakke van die aktiwiteite op Erf 13836 is volgens ons instruksies veel hoër as dit wat voortspruit uit Welgevonden se residensiële gebruike.
 - 9.2. Indien die restaurant bedrywighede uitgebrei sou word soos in die betrokke aansoek in die vooruitsig gestel word, gaan dit noodwendig lei tot verhoogde geraasvlakke en verdere inbreukmaking op die regte van eienaars en inwoners van Welgevonden eiendomme. Dit is onwenslik en behoort nie toegelaat te word nie.
 - 9.3. Die aansoek vir wysiging van die betrokke goedkeuringsvoorwaarde behoort dus afgekeur te word op grond van **gebrek aan wenslikheid** van die beoogde aanwending van die betrokke grond en op die grondslag van die uitwerking daarvan op betrokke bestaande regte.
10. Wat die voorgestelde verslapping van boulyne betref, die volgende:
 - 10.1. Die vertrekpunt behoort te wees dat die betrokke boulyn 'n **bestaansreg** het en gerespekteer moet word. Goeie rede bestaan waarom die wetgewer dit nodig gevind het om voldoende ruimte/ afstand tussen geboue en strukture met boulyne te skep. Indien die aansoeke om verslapping van boulyne sou slaag, sou dit die hele doel met die ople van die betrokke boulyne veryd.
 - 10.2. Indien boulyne goedsmoeds geïgnoreer kan word of vir geen goeie rede nie verslap kan word (soos ons aanvoer die applikant wil hê die munisipaliteit moet doen), is die vraag of die betrokke boulyne werklik enige bestaansreg het.

3 | Bladsy

- 10.3. Ons gee in oorweging dat daar geen dwingende rede bestaan waarom die betrokke strukture in die bepaalde posisie opgerig moet word nie. Voorts dat daar, met respek aan die boulyne, meer as genoeg ruimte elders op die eiendom is waar die struktuur met gemak opgerig kan en met minder impak op die regte van bure (d.w.s. indien bevind sou word dat die beoogde uitbreidings aan die restaurant en verwante aktiwiteite nie onwenslik is nie).
- 10.4. Indien die boulyne verslap sou word soos deur die applikant in die vooruitsig gestel, sal dit beteken dat die afstand tussen die aktiwiteite op Erf 13836 nader geskuif gaan word aan die inwoners van Welgevonden en dat die bestaande negatiewe impak van die tydelike gebruiksreg op hulle regte, gaan toeneem. Dit is uiteraard onaanvaarbaar
- 10.5. Die aansoek vir afwyking van boulyne behoort dus afgekeur te word op grond van gebrek aan wenslikheid en op die grondslag van die uitwerking daarvan op betrokke bestaande regte.
11. Ons wag om van u te verneem.

Vriendelike groete,

DU PLESSIS HOFMEYR MALAN ING.



PER:
J P DU PLESSIS

René Hefer
7 Honeybusch Street
Welgevonden
Stellenbosch
7600

Cell: 0836275487

11 March 2016

H Deacon
Planning and Economic Development
P.O. Box 17
Stellenbosch
7599

Sir/Madam

Application No: LU/3995 - Erf 13836

E 13836S

416143



I, René Hefer, residing on Erf 15453, Welgevonden Estate hereby object to the abovementioned application as described below:

1. Application for the amendment of the approval conditions applicable to the temporary departure to extend the area of the existing restaurant to include the undercover outside seating area of + 100 m², adjoining the existing building used for restaurant purposes and to include the children's play area of + 100 m² (The Carnival), as indicated on the attached plan;
2. An application of a departure on Erf 13836, Stellenbosch, to relax the 30 m lateral building lines to 10 m (side and rear building lines) to construct a 500 m² store and the structures located in the play area, as indicated on the attached plan; and
3. An application for a departure on Erf 13836, Stellenbosch, to relax the side building lines from 30 m to 10 m to enable the owner to formalize the existing tented structure and to use it for storage purposes (cars) with an undercover area of 400 m² as indicated on the plan.

Reasons for objection

Despite numerous attempts to request the curbing of noise levels emanating from Weltevreden with Mr André Bezuidenhout, Weltevreden Estate Management and Welgevonden Management no attempt has been made to institute any of the proposed solutions.

The noise levels are impacting on the quality of life and consequent value of my property. My decision to purchase this plot and build my house in Welgevonden was based on the premise that Weltevreden Estate was managed as a heritage site. The development of Weltevreden Estate as a commercial concern was never cited. What was once a peaceful residence has turned into a dwelling where the activities on Weltevreden Estate impacts daily on the quality of life and peace of mind of me and my family.

I urge the Council not to approve this application in the best interest of the community who lives in Welgevonden

Yours sincerely

René Hefer

René Hefer

P-25/4.
202/3

KOBUS EN FRANCES JANSE VAN RENSBURG

Posadres: Kouterstraat 14
Welgevonden Landgoed
Stellenbosch
0076

selfoon: +27 (0) 828076524
e-pos: kobusvanr@gmail.com

10 MAART 2016

DIREKTEUR: BEPLANNING EN EKONOMIESE ONTWIKKELING
Stellenbosch Munisipaliteit

PER HAND:

Meneer,

BESWAAR TEEN DIE AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE VOORWAARDES VAN N
GOEDGEKEURDE TYDELIKE AFWYKING EN AFWYKINGS: ERF 13836, EN OMGEWING
WELTEVREDEN, STELLENBOSCH.



Hierdie beswaar word gerig as eienaars van erf 15463, Welgevonden landgoed, Stellenbosch met fisiese adres Kouterstraat 14, Welgevonden landgoed, Stellenbosch. U brief gedateer 10 Februarie 2016 en met geregistreerde datum stempel 12 Februarie 2016 het betrekking op die skrywe.

1. Opsomming van die aansoek:

Ons opsomming van die aansoek is die volgende.

1. Om die tydelike goedkeuring van die restaurant in die Jonkmanshuis word uit te brei om die bestaande onderdakarea van ongeveer 100m² in te sluit by die restaurant area.
2. Om die strukture van die kinderspeelarea van ongeveer 100m² in te sluit by die restaurant.
3. Om die agter- en sy-boulyn van 30m te verslap ten einde n stoor van 500m² op te rig sowel as die bestaande strukture van die speelarea.
4. Om die sy-boulyn van 30m te verslap ten einde die bestaande tentstruktuur te wettig vir stoordoeleindes(motors) van 400m².

2. Historiese oorsig en motivering vir ons beswaar:

2.1 Groen Strook.

Tydens die ontwikkeling van Welgevonden Landgoed het die vorige eienaar van Weltevreden Plaas, Mnr. Chris Peale as voorwaardes vir die ontwikkeling van Welgevonden gestel dat n breë groen strook tussen die grens en die eerste huise moet wees asook dat al die huise aangrensend aan Weltevreden n sekere gemeenskaplik argitektoniese ontwerp moet he en dat almal wit geverf moet wees met grys dakke.

Hierdie voorwaardes is nagekom.

Daar is dus tans n wye groen strook tussen Weltevreden en die aangrensende huise van Welgevonden. Hierdie groen strook is van groot waarde en baie belangrik vir al die Welgevonden inwoners aangesien dit daaglik as n draf/stap/fietsry area gebruik word.

Die boulyn van 30m van toepassing op Weltevreden het waarde as visuele grens tussen Welgevonden en Weltevreden. Die boulyn is gevestig en daar is n rede en doel dat dit daar moet wees.

2.2 Welgevonden se aard en karakter as woongebied.

Welgevonden is n residensiële ontwikkeling waar oud en jonk saam woon sonder kommersiële of ander openbare geriewe in die woongebied.

Welgevonden het n eiesoortige atmosfeer en leefstyl waar almal uitleef na buite en die groen oop areas en wandel paaie geniet en gebruik. Kinders ry fiets en almal stap/draf nog tot laataand in die parke en strate. Welgevonden is dus n rustige woonbuurt met geleentheid om buite te ontspan.

Weltevreden het hierdie rus kom versteur met die kinderspeelarea en veral die funksiegeriewe.

Die geraas van die kinderspeelarea is uiters steurend. Normale speel van kinders is nie vir ons n probleem nie, maar waar n groot aantal kinders gil en jil van vroeg oggend tot laat middag, is n ander saak.

Die funksie area in die tent struktuur is n groot probleem. Groot klankstelsels word gebruik vir konserte, troues, kantoorpartytjies, bekendstellingsgeleenthede en ook van tyd tot tyd vir liefdadigheidsgeleenthede. Die geraas is ondraaglik en ons kan nie tydens die geleentheid normaal lewe nie. Ons moet binnenshuis vlug en vensters en deure toemaak om te probeer ontsnap van die geraas, maar hoor dit steeds.

Daar is ook al kantoorpartytjies of soortgelyke byeenkomste by die genoemde onderdak area langs die restaurant gehou waartydens groot groepe mense lawaai tot laataand

Ons lewenstyl word baie negatief geraak deur die bedrywighede.

2.3 Oorspronklike restaurant goedkeuring.

Die oorspronklike goedkeuring deur die Stellenbosch Munisipaliteit, gedateer 14- 11- 2012, het die volgende gestel.

- a. *"temporary Departure on erf 13836 to enable the owner to utilize the existing dwellings on the property for restaurant purposes and the existing wine cellar as a function venue, as shown"*
- b. *"that in the event of music or noise being generated on the premises. an approved consultant be appointed by the developer to advise him on precautionary measures to be taken in order to avoid environmental noise pollution in terms of the Noise Control Regulations"*

Met betrekking tot (a.) die volgende:

1. Die onderdak sitarea by die restaurant is opgerig sonder goedkeuring en teenstrydig met die goedkeuring van 14-11-2012. Slegs die bestaande geboue(Jonkmanshuis) mag as restaurant gebruik word.Wanneer die gaste buite in die onderdakarea sit, is die geraas steurend.
2. Die kinderspeel area is teen Welgevonden se grens opgerig sonder dat iemand daarvan geweet het. Die speelarea word uit die Jonkmanshuis-restaurant bedien en die restaurant ondersteun die kinderspeelarea met kos en drank.
Verder is daar permanente strukture by die speelarea opgerig om pizzas te maak asook ander geregte.
 - Die oprigting van die speelarea is buite die Weltevreden boulyn van 30 m.
 - Die speelarea kan nie funksioneer sonder die restaurant nie en is dus n uitbreiding van die restaurant. Die speelarea is teenstrydig met die goedkeuring van 14-11-2012
 - Die speelarea is sonder Munisipale goedkeuring opgerig.
3. Die funksie area is verskuif van die goedgekeurde wyn kelder na die tentstruktuur in die sogenaamde "maze". Dit is teenstrydig met die goedkeuring van 14-11-2012 en sonder enige Munisipale goedkeuring deur die eienaar gedoen.

Met betrekking tot(b.) die volgende:

Daar is verskeie eposse en briewe aan die Munisipaliteit gerig waarin gekla is oor die buitensporige geraas vanaf die kinderspeelarea en die tent-funksiearea. Die bepaling t.o.v geraas in die oorspronklike Munisipale goedkeuring is beslis nie deur Weltevreden nagekom

nie en word steeds nie nagekom nie. Tydens die huidige woordfees word die tent area ook gebruik en is die geraasvlakke buitensporig hoog.

Opsommend is ons van mening dat die eienaar van Weltevreden nie die bepalings van die Munisipale goedkeuring nakom nie en intendeel dit doelbewus verontagsaam.

4. Beswaar

1. Die aansoek vir die wysiging van die goedkeuring voorwaardes om die restaurant uit te brei met die 100m² onderdak-sitarea en om die strukture van die kinderspeelarea in te sluit by die restaurant moet dus afgekeur word aangesien die vergroting van die geriewe die reeds onaanvaarbare geraasvlakke net sal vererger en verhoog.
2. Die aansoek vir die insluiting van die kinderspeelarea by die restaurant moet afgekeur word en die kinderspeelarea mag nie binne die 30m boulyn bedryf word nie. Die hoë geraas afkomstig van die kinderspeelarea is die motivering.
3. Soos vroeër bespreek, vorm die bestaande 30m boulyn van toepassing op Weltevreden plaas n deel van die groen area tussen Welgevonden en Weltevreden. Die groen area moet behoue bly. Geen geboue of kommersiële of ander bedrywighede moet binne die groen area geskied nie. Die oprigting van die 500m² stoor moet dus afgekeur word. Die visuele impak van geboue en die gepaardgaande addisionele geraas teen die grens van Welgevonden sal beslis negatief vir die inwoners van Welgevonden wees. Die aansoek om verslapping van die boulyn vir die oprigting van n stoor en om die bestaande tentstruktuur te wettig moet dus afgekeur word.
4. Die wettiging van die tentstruktuur moet afgekeur word weens die geweldige geraas wat vanuit die tent veroorsaak word en die feit dat die tentstruktuur buite die boulyn opgerig is. Daar is teenstrydige inligting vanaf die aansoeker verkry oor die nuwe gebruik van die tentstruktuur. In die aansoek word gesê dat dit vir stoor van die motors is maar in n opvolgende epos se die eienaar dat die beoogde nuwe stoor teen die suide grens as parkering vir die motors gebruik gaan word. Hierdie teenstrydige inligting wek agterdog oor die werklike motivering vir die behoud van die tentstruktuur.

Groete

Kobus en Frances Janse van Rensburg.



NS. Ons het op die 9e Maart 2016 n inligtingsvergadering bygewoon wat deur Adv Bezuidenhout se verteenwoordiger (Deon Carstens) en die algemene bestuurder van Weltevreden toegesprek is. Tydens die vergadering het hulle gesê dat die tentstruktuur ingerig word as stoorplek vir die motorversameling en die boogde stoor op die suidekant as algemene stoor gebruik sal word.

Adv Bezuidenhout het egter daarna per epos laat weet dat die motors in die stoor geberg sal word. Ons weet nou nie waarvoor die beoogde strukture gebruik sal word nie.

Die aansoek is ook nie duidelik hieroor nie.

Hierdie teenstrydige boodskappe maak ons beslis onrustig oor die gebruik van die strukture.

22

Our ref: Erf 15295 Welgevonden Boulevard

Application number: LU/3995

Land Use Management Branch
Municipal Offices
Plein Street, Stellenbosch

Fax: 021-886 6899

2 Pages

Att: Robert Fooy

24 February 2016

Sir



Handwritten notes on a form: 13836, ERF 15295, 411983

OBJECTION TO APPLICATION FOR AMENDMENT OF CONDITIONS OF TEMPORARY DEPARTURE APPROVAL AND DEPARTURES: ERF1386, WELTEVREDEN, STELLENBOSCH

Herewith our objections to this application:

(1) Unacceptable increase in noise level generated by restaurant and play park

We are already struggling with noise levels from this business being run so close to a residential area. On week nights and weekends when events are being hosted, the noise from the loudspeakers and music being played is so loud, we cannot sit outside and are forced to close all doors and windows. Phone calls to the management to request the volume to be adjusted are either not answered, or the standard answer is that they are allowed to have this amount of noise until 10pm on week nights and 11pm on weekends. There are school-going children among our neighbours and this is an unfair situation affecting their sleep. In addition, if we have guests of our own, it infringes on our right to have a peaceful visit on our own patio or inside our own house.

In addition, the noise generated by dozens of children screaming and playing in the play park over weekends, the noise from the restaurant where the parents sit, is sometimes overwhelming. It's like living next door to a school that runs over weekends.

Any enlarging of the facilities will just exacerbate this untenable situation, further detracting from our quality of life and affecting our right to peace and quiet at our residential property during times when we should be at rest.

(2) Historic nature of national monument buildings not respected

All of our properties that are within line of sight of the Weltevrede Homestead are subjected to restrictions because of the historic nature of the property on that site. We have height, colour, patio covering, size restrictions, etc etc etc. All of this supposedly to protect the integrity of the Homestead's history. We feel it is already compromised by the circus tents and jungle gyms that have been erected. How will further extensions and additions protect its integrity? The situation is unfair because we are not even allowed to have a permanent

P-2514
202/3
R. 1/13

roof covering on our patio due to these restrictions to "protect" the historical monument, but the owners of the Weltevrede property themselves have no such qualms or restrictions. It is a very one-sided situation.

For the abovementioned reasons, as well as problems with increased traffic, attracting crime, we are **NOT** in favour of this application being approved by the Municipality.

Yours faithfully



M J & D L Knutsen
Erf 15295 Welgevonden Boulevard

EM 15293

0832953053
info@peartree.co.za

130 Welgevonden Blvd
Welgevonden
Stellenbosch
7600

09 March 2016

Mnr Robert Fooy
Stellenbosch Munisipaliteit
Stellenbosch
7600

Beste Mnr Fooy, Mnr Carstens of vir wie dit mag aangaan,

Ek herken hiernee die ontvangs van die brief gerig aan my en my vrou rakende die afwykingsversoek op Erf 13836 of Weltevreden Landgoed.

Ons maak **sterk beswaar** teen al 3 die voorgestelde wysigings. Ons doen dit op grond van die groot hoeveelheid geraas en onsmaklikheid wat die Weltevreden Landgoed en die hele proses al oor die afgelope paar jare aan ons besorg het wat net oorkant die landgoed woonagtig is. Daar was nie in die verlede gehou by beloftes nie.

Ons voel uiters sterk dat daar nie toestemming gegee kan word aan enige aand programme of funksies op hierdie perseel nie. Dit is gelee langs 'n residensiële area (Welgevonden) en die geraas affekteer ons uiters negatief. Ons kan nie eers 'n gesprek in ons eie woonkamer ha (met alle deure en vensters toe), wat nog te se van mense oornooi op 'n aand) wat daar by Weltevrede 'n funksie gehou word nie. Behalwe vir die klipharde musiek en mense wat raas, word die motos ook party aande "opgestart" en "geref" wat baie steurend is vir ons.

Ons het nie 'n probleem met die kinder speel area en die lag, huil en skree wat ons daaglik van daar af hoor nie. Ons vra net vir rus en vrede na ure sodat ons ons huis kan geniet soos voor Weltevreden ontwikkel is.

Baie dankie vir julle samewerking en dat julle ag neem op ons klagtes.

Die uwe



WH & A Punt

130 Welgevonden Boulevard, Welgevonden, Stellenbosch, 7600

Director: Planning and Economic Development
 Stellenbosch Municipality
 17 Plein Street, Stellenbosch, 7600

For attention: Mr Robert Fooy



128 Welgevonden Boulevard
 Welgevonden Estate
 Stellenbosch
 7600
 Tel: 021 889 7914
 E-mail: cori@sun.ac.za
 10 March 2017

Dear Mr Fooy

Objection to: Application for amendment of conditions of temporary departure approval and departures: Erf 13836, Weltevreden, Stellenbosch

Your letter, dated 10 February 2016, regarding the application for amendment of conditions of temporary departure to erf 1386, Weltevreden, refers.

We would like to comment on the proposed application as follow:

1. We object to the extension of the restaurant area. We have complained on a number of occasions about the noise levels from the restaurant and childrens' play area. An extension of the restaurant could potentially increase the number of people and associated noise levels. While we are not against a small restaurant functioning during normal daytime business hours, an extension could increase its use as a function venue with associated increase in noise pollution. Our understanding is also that the restaurant is functioning under a temporary departure from agricultural activities and by approving the construction of permanent structures, we will condone the restaurant as a permanent land use change.
2. We do not approve of the relaxing of building lines from 30 to 10 meters on any side of the Weltevreden property. We bought our property in 2009 and one of the main "selling points" was the fact that the property is overlooking agricultural land, and as such would provide a rural and fairly quiet setting. There were very strict building regulations on the property laid down by the Welgevonden developers and Home Owners Association, to ensure that houses close to the Weltevreden homestead compliment this historical homestead setting. We gladly conformed to these regulations and are happy to have a beautiful view over the agricultural lands next to Welgevonden Estate.

According to points 2 and 3 of the nature of application in your letter the applicant proposes a total extension of storage built-up area of nearly 900 m². These alterations will be visible from our home. It will not only distract from the open agricultural land view we currently have, but will create a more commercial built-up view experience.

P. 25/4.
 M 22/3.

We trust that the impact that the proposed alterations might have on our sense of place (with regards to noise and visual pollution) will be considered in the application.

Your sincerely

Two handwritten signatures in black ink. The first signature on the left is a stylized, cursive 'C'. The second signature on the right is more complex, appearing to be 'Hannél Ham' written in a cursive style.

Cori and Hannél Ham
Owners – plot 15294



Haakdoring 2
Welgevonden
STELLENBOSCH
7600
10 Maart 2016

VIR AANDAG
Grondgebruiksbestuursafdeling
Advieskantoor
Grondvloer
Munisipale Kantore
Pleinstraat
STELLENBOSCH
7599

Geagte Direkteur Beplanning en Ekonomiese Ontwikkelinge

SKRIFTELIKE BESWAAR

AANSOEK ERF 13836 WELTEVREDEN - WYSIGINGS VAN VOORWAARDES VAN 'N GOEDGEKEURDE TYDELIKE AFWYKING EN AFWYKINGS ERF 13836 WELTEVREDEN STELLENBOSCH

AANSOEKER PG Carstens

My verwysing: Erf 13836

Aansoek No LU / 3995

Aard van Aansoek (kortliks opgesom): verwys skrywe 10 Februarie 2016, soos per geregistreerde pos ontvang

- 1 Aansoek wysiging tydelike afwyking en vergroting van bestaande restaurant
- 2 Aansoek verslapping van boulyn 30m tot 10 meter ten einde nuwe struktuur (stoor) op te rig sowel as die struktuur in speelarea
3. Aansoek verslap boulyn vanaf 30m tot 10 m om bestaande tent struktuur te wettig en dit te gebruik vir stoordoeleindes (motors) met onderdak area van 400vierkante meter

Besware teen aansoek (punt 1 – 3)

Hiermee teken ek ZENDA BERNEDETTE JANSEN ID 6408100107084 AMPTELIK BESWAAR AAN TEEN DIE VOORGESTELDE AANSOEK DEUR PG CARSTNES VIR ERF 13836. Ek breek graag die aansoek (wat uit drie dele bestaan) op en spreek elkeen afsonderlik aan. Hierna volg 'n opgaaf van redes hoekom ek die aansoek nie kan goedkeur nie.

Aansoek 1 Aansoek wysiging tydelike afwyking en vergroting van bestaande restaurant

Ek teken beswaar aan teen hierdie aansoek (verwys motiverings/vrae soos hierbo vermeld).

Aansoek 2 Aansoek verslapping van boulyn 30m tot 10 meter ten einde nuwe struktuur (stoor) op te rig sowel as die struktuur in speelarea

Ek teken beswaar aan teen hierdie aansoek (verwys motiverings/vrae soos hierbo vermeld).

Aansoek 3 Aansoek verla boulyn vanaf 30m tot 10 m om bestaande tent struktuur te wettig en dit te gebruik vir stoordoeleindes (motors) met onderdak area van 400vierkante meter

Ek teken beswaar aan teen hierdie aansoek (verwys motiverings/vrae soos hierbo vermeld).

Opgaaf van redes vir aantekening van besware

A My konteks as eienaar te Haakdoring 2 (wat grens aan ERF 13836)

Ek het my woning gekoop juis omdat dit op een van die verste punte van Welgevonden is, juis sodat ek in

P 25/14
AD 22/13

'n rustier omgewing kon woon, waar ek nie op 'n buurmand se huiswoon reg op die grens met die kinderspeelarea naaste aan my. Aangesien ek "in die vlei" woon, is klank vanaf die restaurant area, asook die funksie area, net die van die "karnaval" by tye onuithoudbaar hard. Veral die geraas van die speel-area (met aangrensende "oop" restaurantarea) – veral op 'n Saterdag en Sondag – inbreek maak op my reg tot woon in 'n residensiele area, met natuurskoon aan die een kant, en woonhuise aan die ander kante. As ek GEWEET het dat daar 'n paar honderd meter van my woning 'n besigheid bedryf word – veral 'n speelarea met kuierarea vir kinders, asook 'n onthaalokaal, sou ek NOOIT in 'n eiendom belê het in Welgevonden nie. Dit voel ook asof die vlakke van geraas toegeneem het in die amper 2 jaar wat ek reeds in Welgevonden woon: van veral die kant van Weltevreden af.

B Onbeantwoorde vrae/ onsekerhede / gebrek aan waarborge

Ek het al verskeie kere uitgereik, op persoonlike vlak, na Weltevreden, maar voel nie gemaklik met (soms weersprekende) response (hetsy verbaal of skriftelik) ontvang nie. Ek kry ook nie daadwerklike response (of voorstelle tov probleemoplossing) op vrae nie. Die onderstaande vrae is ook nog nie op amptelike vlak beantwoord nie. Ek voel ongemaklik om net iemand se "woord" te neem tov sekere bekommernisse en hoe die aangespreek kan word. Voordat ek nie gemaklik voel oor die amptelike response tov onderstaande vrae nie, kan ek nie 'n besluit neem tov die aansoek nie.

Vraag 1 Speelarea (Karnaval)

Is die speelarea goedgekeur deur die munisipaliteit?

Mag die speelarea (met sy structure) as 'n besigheid bedryf word?

Is bure wat grens aan die speelarea op enige stadium gekonsulteer tov of hierdie bron van geraas, bure se goedkeuring wegdra? Mag 'n speelarea, wat op die skaal waarop dit tans bedryf word, reg langs 'n residensiele woonarea bedryf word?

Mag ek (en hoe mag ek) beswaar aanteken teen die geraas wat die speelarea veroorsaak, veral op 'n naweek?

Vraag 2 Onthaalarea skuif na restaurantarea

Is daar bepaal of die skuif van die huidige onthaalarea na die restaurantarea (waarvoor vergrotingstoestemming versoek word) die KLANKPROBLEEM, wat bure ervaar, aanspreek en indien wel, in hoe 'n mate?

Is daar geldige, objektiewe professionele verslag wat hierdie kan bevestig/verminderde klank kan waarborg?

Is daar 'n lisensie om onthale te mag hou? En wat is die ure (wat onthale in aand eindig) en hoe gereeld mag onthale gehou word?

Is daar lisensie om restaurant te mag bedryf?

Hoe kan ek as buurman "kla" as die geraas 'n steurnis raak? En indien ek kla, gaan daar iets gedoen word?

Vraag 3 Nuwe struktuur

Die versoek om die grens van 30m na 10 m te verslag om nog 'n struktuur ('n "stoor" te bou): watter waarborg het die bure dat hierdie stoor nie gebruik sal word vir doeleindes anders as 'n stoor nie – dit lê immers reg langs die "oop" Karnaval (wat ook uitgebou wil word)?

Hoekom moet bure 'n struktuur goedkeur wat potensieel net nog 'n uitdaging mag skep (en dit nog nader aan die grens?)

Hoe kan verseker word dat dit nie nog 'n omgewing is wat geraas (agv besigheid/werk) gaan genereer nie?

Vriendelike groete



Zenda Jansen

Eienaar Erf 15434

Haakdoring 2 Welgevonden

Tel 021 808 4842 / sel 0795237243

AGENDA

**PLANNING, ECONOMIC AND COMMUNITY
DEVELOPMENT COMMITTEE MEETING**

2018-02-06

6.	REPORTS FROM OFFICIALS: LED AND TOURISM
-----------	--

NONE

7.	REPORTS FROM OFFICIALS: COMMUNITY DEVELOPMENT
-----------	--

NONE

8.	REPORTS SUBMITTED BY THE MUNICIPAL MANAGER
-----------	---

NONE

9.	NOTICES OF MOTIONS AND NOTICES OF QUESTIONS RECEIVED BY THE MUNICIPAL MANAGER
-----------	--

NONE

10.	URGENT MATTERS
------------	-----------------------

11.	MATTERS TO BE CONSIDERED IN-COMMITTEE
------------	--

NONE